# Krulletjies en Kuifies

# Kleuterskool

# Inligtingstuk

# 2026

## Krulletjies en Kuifies Kleuterskool

## Graad RRR, RR en R inligtingstuk 2026

1. Inleiding

Baie welkom by Laerskool Saamspan se Krulletjies en Kuifies Kleuterskool. Ons is baie opgewonde omdat u, u kleuter by ons ingeskryf het. Dit is ons doelwit om die beste sorg en onderrig aan u kleuter te bied in 'n Christelike omgewing.

Dit is vir ons belangrik om u kleuter aan te moedig om sy/haar volle potensiaal te bereik ten opsigte van perseptuele, intellektuele, emosionele en sosiale ontwikkeling. Ons wil u uitnooi om ten volle deel te wees in u kleuter se ontwikkeling op bogenoemde vlakke. U is welkom om enige tyd u kleuter se vordering/ontwikkeling met ons te kom bespreek. Voortdurende kommunikasie tussen die skool en die huis is belangrik vir effektiewe onderrig en ontwikkeling.

Die kleuterskool is volwaardig deel van die laerskool. Hulle neem voluit deel aan aktiwiteite soos atletiek, kermis en konsert. Deur die loop van die jaar is daar funksies eie aan die kleuterskool soos ons eie atletiekbyeenkoms, die Valentynsverkope, "Oupa-en Ouma-dag" , Paasfees-ete, Kinders van die wêreld dag en Kersboom wat baie spesiaal is. Graad R se gradeplegtigheid is ook 'n jaarlikse hoogtepunt.

2. Algemene inligting

2.1 Skoolhoof : Mnr. Marius van Niekerk

2.2 Grondslagfasehoof : Me. Corlia Nel

2.3 Kleuterskoolhoof : Me. Antionette Pavier

2.4 Skooladres : H/v Daniël en Denyssenlaan, Mountian View, Pretoria, 0082

2.5 Telefoonnommer : Tel: 012 379-9019

2.6 Navrae : admin@samies.co.za

2.7 Webblad : www.samies.co.za

3. Personeel

| | Graad | Klasnaam | Onderwyseres |
|---|---|---|---|
|  | Graad RRR | Hasieklas | Juf. Maruschka Christie |
|  | Graad RR | Pikkewyneklas | Juf. Geraldine Boshoff |
|  | Graad R(F) | Bytjieklas | Juf. Amé Fourie |
|  | Graad R(P) | Dinosourusklas | Juf. Antionette Pavier |

Dit is vir ons as personeel belangrik dat u asb die vrymoedigheid moet neem om met ons te gesels oor enige sake rakende u kleuter. Indien u dringend 'n boodskap by 'n juffrou moet kry skakel asb die skool. Hou asb oproepe tot na 11 uur, aangesien ons dan buite speel en klaar gewerk het. Ons waardeer u samewerking in die verband.

4. Toelatings ouderdomme

Kleuters word volgens hul ouderdomme ingedeel nl.
Graad RRR: 3 – 4 jaar (L.W. Kleuters moet alreeds van die doeke af wees en hulself kan help by die toilet). *Dus die jaar waarin die kleuter 4 word.*
Graad RR : 4 – 5 jaar. Dus die jaar waarin die kleuter 5 word.
Graad R : 5 - 6 jaar. Dus die jaar waarin die kleuter 6 word.

Ouers het 'n opsie om hul kleuter 'n jaar vroeër skooltoe te stuur as die kleuter voor 30 Junie van daardie jaar verjaar. Dit gaan dus beteken dat die kleuter die jaar waarin hulle Gr. 1 gaan wees, 6 jaar oud word. Indien u dit oorweeg is dit belangrik om dié saak vroegtydig met u kleuter se klasonderwyseres te bespreek.

5. Skooltye



| | |
|---|---|
| Graad RRR | 7:20 – 13:30 |
| Graad RR | 7:20 – 13:30 |
| Graad R | 7:20 – 13:30 |

Dié is die tye wanneer ons amptelike opvoedkundige skoolprogram begin. Dit is belangrik om by hierdie tye te hou sodat die skoolprogram nie ontwrig word nie. Dit is ons doelwit om 'n roetine daar te stel vir die kleuters waarin hul, hul volle potensiaal kan bereik (want roetine lê die grondslag vir dissipline). Die personeel is reeds vanaf 6:30 soggens in die klas om die kleuters te ontvang.

6. Naskool:

Naskool geriewe is beskikbaar by die kleuterskool – Liewe Lulu naskoolsorg.
Tannie Lorinda sal die naskoolkinders om 13:15 ontvang by hul klasse.
Skakel Lorinda van der Westhuizen by 072 601 0706 vir verdere inligting.
Vakansiesorg word ook gebied teen addisionele koste.



| | |
|---|---|
| Naskool tye | 13:15 – 17:30 |
| Naskool vakansietye | 06:30 – 17:30 |

7. Gelde:

7.1 Registrasiegeld van R 1 650,00 met inskrywing van 'n kleuter vir Gr. RR en R en R 1 100,00 vir Gr. RRR. Daarna beloop skoolfonds oor 11 maande.

7.2 Skoolfooie vir Gr. RR en R 2025 beloop R 1 680,00 per maand.
Skoolfooie vir Gr. RRR is R1 100 per maand.

7.3 Bankbesonderhede: Laerskool Saamspan, Absa tjekrekening 80490046, Takkode 334245. Verwysing vir inbetaling – familiekode.

7.4 Finansies epos: finansies@samies.co.za

8. Boekegelde R550 

2026 se boekegeld is R550. Dit is betaalbaar voor óf op 12 Januarie 2026.
Die boekegeld word gebruik as volg:

- R35 waslapgeld (word geborduur met die kleuter se simbool
- R315 Klasfonds (o.a. bak en brou, ens.)
- R200 vir 1 riem A4 papier en 1 riem A3 papier

- Geen kontant betalings nie. Gelde word direk in die skool se rekening inbetaal met die volgende verwysing: u familiekode "boeke".
- Of u as ouer kan dit by die finansiële kantoor inbetaal kontant of per kaart.
- Neem kennis dat hierdie betalings sal deeglik opgevolg word deur die finansiële kantoor omdat dit verpligtend is vir al die leerders!

9. Skooldrag 

| Klereverskaffer | Kontaknommer |
|---|---|
| Lettie Breedt | 074 175 9422 |

**<u>Somer</u>**: Ons kleuters trek 'n navyblou gholfhempie (met die kleuterskool logo) en blou oefen (PT) broek/denim kortbroek(slegs die gewone kleur denim – geen ligte kleur of "geskeurde" denim nie) aan vir skooldrag. Ons verkies dat die kleuters kaalvoet skooltoe kom.

**Winter**: Die kleuters dra blou corduroy langbroeke of denim langbroeke (gewone kleur blou denim), lang navy hemp en 'n blou skooldrimac of navyblou baadjie of blou/navyblou skooltrui. In die winter mag hulle enige netjiese tekkies dra. Ons wil van vroeg af respek vir ons skooluniform kweek by die kleuters en sal dus streng op die skooldrag wees. ALLE KLERE MOET ASSEBLIEF GEMERK WEES !!!!

**L.W. Stuur ALTYD 'n ekstra stel klere skooltoe in geval van 'n glipsie** . Plaas dit binne-in 'n sakkie onder in die tas. Die skool het nie ekstra klere om te leen in geval van nood nie.

10. Skryfbehoeftes vir Graad RRR, RR en R 

Aangeheg vind u die lys van skryfbehoeftes vir Gr. RRR, RR en R. Stuur dit asb. saam die eerste week van skool (in 'n inkopsiesak met u kleuter se naam daarop). Merk asb. ALLE items.
**Slegs Gr. R kleuters moet asb. 'n 2 liter roomysbak saambring vir hul skryfbehoeftes.**

11. Kosblikke/ Snoepie/ Gewone klere 


# BAIE BELANGRIK – LEES MOOI ASB!

**ELKE KLEUTER MOET ALREEDS ONTBYT GENUTTIG HET BY DIE HUIS VOORDAT HULLE SKOOL TOE KOM.** 'n Kleuter wat honger skool toe kom, kan nie konsentreer en leer nie. Ons pouse is eers 10:00.

Voedsame verversings vir pouse moet asseblief van die huis af saamgebring word. 'n Toebroodjie, vrug, koeldrank en 'n gesonde versnappering (soos bv. biltong, worsie, kaas, vrugterolletjie, neute, joghurt, ens.) sal voldoende wees.

**GEEN gaskoeldrank, lekkers, sjokolade en koekies word toegelaat gedurende die week nie** (sal streng toegepas word). Onthou om asb. elke dag ook 'n bottel water saam te stuur vir hulle om te drink. U sal verstom wees oor hoe suiker, kleur- en preserveermiddels u kind se konsentrasie, werksvermoë en ontwikkeling kan beïnvloed. Dit is belangrik dat die kleuters reeds van jongs af onderrig sal word in gesonde eetgewoontes. **ALLE KOSBLIKKE EN BOTTELTJIES MOET ASB. GEMERK WORD !!**

**Vrydae is snoepiedag vir die kleuterskool.** Die snoepie verkoop kos op 'n Vrydag wat u vir u kleuter vooraf kan bestel. **Hou ons eie nuusbrief dop op 'n Woensdag** om te sien watter kos op die spyskaart is. Indien u self vir u kleuter kos inpak kan u 'n geldjie stuur vir lekkergoed/ koeldrank, ens. **Let wel: Snoepie is nie verpligtend nie.**

**Vrydae het hulle ook geleentheid om gewone klere aan te trek teen R 5.** 

12. Verjaarsdae 

U is welkom om iets lekkers skool toe te stuur as u kleuter verjaar. Iets wat baie goed werk is "cupcakes". Tref asseblief vroegtydig reëlings met u kleuter se onderwyseres. LET WEL: Dit is nie verpligtend nie! Die verjaarsdagmaatjie mag gewone klere dra die dag wat hul verjaar.

13. Siekte/allergieë en kopluise 

Indien u kleuter enige tekens toon van 'n aansteeklike siekte, koors, naarheid, pienk oë of kopluise moet u asseblief u kleuter neem vir mediese behandeling en ons in kennis stel. Volgens mediese regulasies kan geen kleuter toegelaat word met 'n aansteeklike kindersiekte nie. 'n Doktersertifikaat kan vereis word ten opsigte van Waterpokkies en Duitse masels vir hertoelating. *Indien u kleuter meer as twee dae van die skool afwesig is moet u 'n doktersbrief inhandig*. **Dit is ook uiters belangrik dat u die skool onmiddellik sal inlig indien u kleuter enige allergieë het bv. bysteek, penisillien, suiwel, sitrus, kleurstowwe, ens.**

Ouers van kleuters wie se hare met kopluise besmet is, sal onmiddellik gekontak word om hul te kom haal. Kleuters se hare moet daagliks ondersoek word vir kopluise en dienooreenkomstig behandel word. Borsels, beddegoed en handdoeke moet ook behandel word om verdere besmetting te voorkom.

14. Vroeg afhaal van kleuters 

Indien u, u kleuter vroeg kom haal by die skool moet u eers aanmeld by die kantoor. Vul die boek in wanneer u die kleuter in skooltyd kom haal.

15. Kleuters deur ander persone afgehaal

Tref asseblief die nodige skriftelike reëlings met u kleuter se onderwyseres indien 'n ander persoon as uself, die kleuter kom afhaal. As daar enige spesiale reëlings is rondom net sekere mense wat u kleuter mag kom afhaal moet u dit bespreek met u kleuter se onderwyseres. Weet egter dat ons nie by magte is om mense weg te hou as daar nie 'n hofbevel is nie. Probeer om sulke situasies te vermy want u sal verstaan dat dit 'n groot probleem vir die personeel kan skep. Ons eerste verantwoordelikheid is teenoor u kind en hul opvoeding.

16. Speelgoed 

Geen speelgoed mag saamgebring word nie. Dit veroorsaak geweldig baie probleme en ons kan nie die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie. Daar sal vooraf gereël word as ons 'n speelgoeddag het. Indien daar enige "vreemde" speelgoed, kosblikke, ens. in u kleuter se tassie is, stuur dit asseblief die volgende dag terug.

17. Buitemuurse aktiwiteite

In skooltyd word die volgende aangebied:
Playball, Edu horse (perdry), Golfball, Graceful movement dance studio (Ballet) en Warriors gymnastics. Demonstrasielesse van elke aktiwiteit word vroeg in Januarie gegee. Pamflette in verband hiermee word huistoe gestuur. U kan besluit of u u kleuter hieraan wil laat deelneem. Die kostes daaraan word deur u gedek. Die inskrywings en betalings van die aktiwiteite word Behartig deur die betrokke aanbieders. Meer inligting kan by Juffrou Antionette Pavier gekry word.



18. Dissipline RESPEK

Om dissipline te handhaaf, is en bly maar een van die moeilikste dinge. Duidelike en realistiese reëls moet vir kleuters gestel word. Dit is belangrik dat hierdie reëls konsekwent toegepas word anders verwar ons hulle. Aan die begin van die jaar stel elke onderwyseres en kleuters saam hul klas se klasreëls op. Daar is 'n visuele motiveringsstelsel wat goeie gedrag aanmoedig. 'n Kleuter wat betrokke is in 'n ernstige bakleiery gedurende buitespeltyd sal op 'n matjie gesit word vir "time out" . Indien swak gedrag herhaal word sal ons met u in verbinding tree. Ernstige dissipline probleme word aan die hoof gerapporteer. Wanneer 'n kleuter se swak gedrag voortgaan word 'n "ROOI BRIEF" huistoe gestuur wat sekere "gevolge" inhou. Ouers kan dan gevra word om Mnr. Marius van Niekerk te kom spreek. Baie dankie byvoorbaat vir u samewerking hiermee.



19. Gedragskaart

Elke kleuter ontvang kwartaalliks 'n gedragskaart wat weekliks huistoe gestuur word. Daarop word gehoorsame gedrag (deel met ander, speel mooi saam, hulpvaardigheid en werk saam met juffrou) en ongehoorsame gedrag (lelik praat met juffrou, vloek, slanerig/bakleierig, gesels te veel, speel in werktyd en skree in klas) aangedui. Hierdie gedragskaart se doel is om positiewe gedrag en samewerking aan te moedig.

20. Facebook

Besoek gerus ons Krulletjies en Kuifies facebookbladsy. Ons plaas foto's van skoolaktiwiteite en spesiale geleenthede op facebook. Ons adverteer ook ons skool se Opedae en ander belangrike inligting. Ouers moet skriftelik toestemming gee dat hul kleuter se foto op facebook geplaas mag word.

21. Briefie lêers/omsendbriewe en sms'e



Die plastiek koeverte wat by u kleuter se pakket ingesluit is, word gebruik vir die briefies/ nuusbriewe en moet asb so gou as moontlik terugkom skool toe. Kweek asb. by u kleuter die gewoonte om die **briewe vir u te gee wat altyd op 'n Woensdag uitgestuur word**. Indien u kind se koevert verlore raak moet u dit asb so gou as moontlik vervang. Die skool stuur soms sms'e uit wanneer belangrike inligting vinnig oorgedra moet word. Dit is dus belangrik dat ons in kennis gestel moet word indien u selfoonnommers sou verander. Die kleuterskool stuur ook elke Woensdag 'n nuusbrief huistoe. Neem asb. kennis van belangrike inligting wat so oorgedra word.

22. Ander kommunikasie



Daar word aan die begin van die nuwe jaar 'n Whatsapp klasgroep gestig deur die klasonderwyseres waardeur ons belangrike inligting stuur. Die Whatsapp klasgroep is nie 'n platform vir kommunikasie tussen ouers nie. Indien u enige navrae het moet u vir die klasonderwyseres 'n privaat Whatsappboodskap stuur. Ons vra u ook om die onderwyseresse te respekteer en nie boodskappe gedurende skooltye of laat aand te stuur nie. **Indien u enige iets wil weet ten opsigte van u kleuter moet u dit asb. bespreek met die klasonderwyseres en nie met 'n student of assistent nie. Op versoek van die hoof en grondslagfase hoof mag GEEN student of assistent kleuters met die ouers bespreek nie.**

U kan 'n epos stuur aan die skool indien u enige navrae het rondom skoolfonds, nuusbrief of algemene inligting. Die epos adresse is:

| | | |
|---|---|---|
| admin@samies.co.za | finansies@samies.co.za | media@samies.co.za |

23. Huiswerk

Die Graad R kleuters sal elke tweede week huiswerk ontvang wat ook in die plastiekkoevert geplaas sal word. Dit is egter informeel en moet net 'n plesier wees. Woon asb ons inligtingsvergadering by om meer inligting hieroor te kry. Graad RRR en RR kry nie huiswerk nie.

24. Verandering van adres, telefoonnommers, huwelikstatus, epos-adres, ens.



Indien daar enige verandering plaasvind wat bogenoemde sake betref, stel asb. u kleuter se onderwyseres dadelik in kennis. In 'n noodgeval is hierdie besonderhede uiters belangrik. Enige veranderinge OF trauma soos egskeiding, dood in die familie moet asb. ook aan die kleuter se onderwyseres gemeld word. Dit kan 'n groot invloed hê op u kind se vordering.

25. Vorderingsverslae 

Daar word elke kwartaal 'n vorderingsverslag vir Gr. RRR, RR en R huistoe gestuur ten opsigte van u kleuter se vordering en ontwikkeling. U sal ook in kennis gestel word van die oueraande wat beplan word. Neem asb. die vrymoedigheid om u kleuter se vordering/ontwikkeling/probleem te enige tyd met sy/haar onderwyseres te bespreek, want voorkoming is beter as genesing!

26. Toiletware 

Kyk asb. op die skryfbehoeftelyste na die toiletware wat vir Gr. RRR – R gebring moet word. Toiletware word **kwartaalliks** aangevra. Hou asb. ons nuusbriewe dop wat word benodig. Dit sal verskil van klas tot klas.

27. Afvalmateriaal 

Graad R-kleuters is ywerige gebruikers van bruikbare afvalmateriaal soos bv. kurkproppe, wol, ou tafelkalenders, tydskrifte, koerante, hout, leë toiletrolle, leë boksies, koerante, sponsies ens. U kan gerus hierdie bruikbare afvalmateriaal vir ons stuur. Ons maak spoedig daarvan 'n "meesterstuk".

28. Kwartaalprogram 


Aan die begin van elke kwartaal, ontvang u dié kwartaal se kwartaalprogram. Die volgende inligting word daarop aangedui: Die tema van die week, tot waar ons al kan tel, watter klank word aangeleer. Daar is ook 'n aktiwiteit wat elke week gedoen kan word. Die doel hiervan is om die kleuter betrokke te maak by die tema. Soms sal dit 'n prentjie wees wat geteken moet word ens. Hierdie kwartaalprogram moet asb. bewaar word aangesien slegs een per leerder uitgegee word. Voorstel: sit dit op teen die yskas se deur sodat u kan sien wat weekliks aangeleer word by die kleuterskool.

29. Skooltasse  

Geen caddi skooltasse is toelaatbaar nie. Dit pas nie in die rakkies wat in die klas is nie, omdat

dit te groot is. Die rugsak wat u koop moet groot genoeg wees sodat u kleuter se baadjie/trui skoene, kosblik, waterbottel, en A4 plastiekkoevert(vir briewe) daarin moet pas. Die tas moet ook duidelik gemerk word met u kleuter se naam en van. Wenk: skryf u selfoonnommer binne-in die tas indien dit verlore raak.

30. Professionele hulp

Die skool het ook kontak met 'n opvoedkundige sielkundige, berader, arbeid- , spraak- en spelterapeut indien dit sou nodig wees om die kleuter te stuur vir groot skolastiese-/ perseptuele-/spraak uitvalle en emosionele trauma. Indien u meer hieroor wil weet kan u, u kleuter se onderwyseres hieroor vra.




31. Klagtes/Hantering van probleme

Dit is vir ons as personeel belangrik dat u die vrymoedigheid moet neem om met ons te gesels oor enige iets rakende u kleuter. Indien daar 'n probleem is volg asb. die volgende kanale: gesels eers met u kleuter se eie onderwyseres. As u nie tevrede is met die uitkoms nie, kan u vir Juf. Antionette Pavier gaan spreek. Die laaste stap is 'n afspraak met die grondslagfase departementshoof en die hoof.

32. Algemeen

Ons sien uit daarna om saam met u en u kleuter te werk in 2026. Maak asb. tyd vir u kleuter en hul opvoeding. TYD = LIEFDE . Ons sien die kleuter as 'n "emmertjie wat opgevul" moet word met liefde(tyd), omgee, aandag, kennis en vaardighede. Wanneer hul "emmertjie oorloop" kan hulself liefde, omgee en aandag gee wat lei tot suksesvolle weergee van kennis en vaardighede.

Krulletjies en Kuifies-groete

**"Education is the passport to the future, for tomorrow belongs to those who prepare for it today."**

**Malcolm X**



# Krulletjies en Kuifies Kleuterskool

12 Januarie 2026

Hiermee erken ek ouer/ voog van ______________________ (kleuter se naam) in Gr. ____

Vader se naam: ______________________________

Moeder se naam: ______________________________

ontvangs van Krulletjies en Kuifies Kleuterskool se Inligtingstuk, asook klasreëls. Ek bevestig dat ek dit gelees het en aan my kleuter verduidelik het. Ek onderneem om daarby te hou en die dissipline en klasreëls van die Kleuterskool na te kom en te respekteer.

______________________ ________________________

Handtekening: Vader Handtekening: Moeder

______________________ _______________________

Kontaknommer: Vader Kontaknommer: Moeder

# Krulletjies en Kuifies Kleuterskool

<u>Klasreëls in die Gr. RRR, RR en R klasse</u>
Aan die begin van die nuwe skooljaar stel elke klas hul eie klasreëls op saam met die juffrou. Die reëls wat opgestel word kom dus van hulle af. Dit is min of meer die volgende:

- Kom elke dag skool toe.
- Ons werk as 'n klas saam.
- Praat saggies in die klas.
- Kru-taal(vloek) sal nie geduld word nie.
- Hanteer boeke en speelgoed met respek.
- Elkeen help opruim as daar klaar gespeel is.
- Moenie in die klas hardloop nie.
- Speel saam met jou maatjies.
- Luister as iemand anders praat.
- Sê dankie en asseblief.
- Ons mag nie mekaar slaan nie. Al sê jou pa so!
- Los ander se besittings uit.
- Geen afknouery of teistering van ander kleuters nie.
- Geen rommelstrooi nie. Hou ons terrein skoon.

Ons volg elke dag dieselfde roetine, want roetine lê die grondslag vir dissipline. Nog reëls kan later bygevoeg word soos wat dit nodig geag word. Kleuters moet verstaan dat hul optrede, indien nie korrek is nie 'n "gevolg" sal hê. Soos bv. "time out", maatjie omverskoning vra, op te ruim as speelgoed rondgegooi word EN selfs Mnr. Van Niekerk gaan spreek in die kantoor ens. 'n ROOI BRIEF word gegee as swak gedrag voortduur. Baie dankie vir u samewerking en ondersteuning in die verband.


Krulletjies en Kuifies personeel

# 'n Superhero doen die volgende wanneer juffrou hulle leer .......







hulle oë
kyk vir
juffrou




hulle ore
luister
vir juf.




net mooi woorde
kom uit hul mond






hand is gereed om
opgesteek te word
om 'n vraag te vra
of antwoord te gee

hul koppe is
gereed om
te dink



voete is
stil op
die mat





# Laerskool Saamspan

H/v Daniël en Denyssenlaan, Mountain View, Pretoria, 0082
Tel. (012) 379-9019

Geagte Graad RRR ouer/voog vir 2026

Vind hiermee die 2026 skryfbehoefteslyste.

BENODIGHEDELYS 2026
GRAAD RRR

AFTIK LYS

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 X groot Pritt (SLEGS PRITT) | | 2 X 120ml Ponal gom | |
| 1 X pak DIK vetkryte | | 1 X pak DIK koki's | |
| 1 X groot houer speelklei | | 10 A4 plastieksakkies vir lêer | |
| 1 X stompskêr | | 1 X pak gom papier | |
| 1 X pakkie uitdraaikryte | | 1 X pak DIK oliepastelle | |
| 1 X pak sterre of kolle | | 1 X pak suigstokkie (48) | |
| 2 X A4 Deurskynende plastiekkoeverte (vir briewe) | | | |
| 1 X Dik Arch lêer - Netjies oorgetrek en met plastiek. Kleuter se naam moet op die lêer geskryf word! | | | |
| 1 X pak gekleure karton - Butterfly bright board pad 20 sheets A4 | | | |
| TOILETWARE PER KWARTAAL OF SOOS NODIG | | | |
| 2 X houer handewasseep | | 2 X boks snesies | |
| 2 X groot pak wetwipes | | 4 X toiletpapier (enkellaag) | |

Moet asseblief nie afrol papier stuur nie.
Die skool koop by 'n nuwe verskaffer papier aan wat baie goed werk vir ons masjiene en daarom vra ons eerder vir 'n bedrag op die boekgeld lyste as vir die fisiese papier!

Elke item moet met u kind se naam gemerk wees reeds op die eerste dag!



# BOEKGELDE **R550**

1. Gelde word gebruik as volg:
   - R35 vir 'n waslap wat geborduur is met hul eie simbool op (ons koop dit self aan)
   - R315 klasfonds vir die jaar (Bak en brou ens.)
   - R200 vir 1 pak A4 afrol papier en 1 pak A3 afrol papier
2. Geen kontant betalings gaan in 2026 aanvaar word nie! Die gelde word in die skool se rekening in betaal met die volgende verwysing: U Familiekode "boeke"
   Of u as ouer kan dit by die finansiële kantoor inbetaal kontant of per kaart!
3. Neem kennis hierdie betalings sal deeglik opgevolg word deur die finansiële kantoor omdat dit verpligtend is vir al die leerders!
4. *Gebruik asseblief e-pos: [krediteure@samies.co.za](mailto:krediteure@samies.co.za) vir enige navrae oor boekgelde en skryfbehoeftelyste.*

# Laerskool Saamspan

*H/v Daniël en Denyssenlaan, Mountain View, Pretoria, 0082*
*Tel. (012) 379-9019*
*E-pos: admin@samies.co.za*
NPO nr. 020–351–NPO

Geagte Graad RR ouer/voog 2026

Vind hiermee die 2026 skryfbehoeftes.

BENODIGHEDELYS 2026
GRAAD RR

AFTIK LYS

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 X groot Pritt (SLEGS PRITT ASB) | | 1 X 120ml Ponal gom | |
| 1 X pak uitdraaikryte | | 1 X pak DIK Koki's | |
| 1 X groot houer speelklei | | 10 A4 plastieksakkies vir lêer | |
| 1 X pak dik inkleurpotlode (Driehoekgreep) | | 1 X pak DIK oliepastelle | |
| 1 X stompskêr | | 1 X pak suigstokkies (48) | |
| 2 X A4 Deurskynende plastiekkoeverte (vir briewe) | | 1 X pak DIK vetkryte | |
| 1 X Dik Arch leer - Netjies oorgetrek en met plastiek. Kleuter se naam op geskryf | | | |
| 1 X pakkie sterretjies of helder kleur kolle | | | |
| 1 X pak gompapier - Butterfly gummed paper 150x150mm 90gsm | | | |
| TOILETWARE per kwartaal of soos nodig | | | |
| 2 X houer handewasseep | | 2 X boks snesies | |
| 2 X groot pak wetwipes | | 4 X toiletpapier (enkellaag) | |

Moet asseblief nie afrol papier stuur nie.
Die skool koop by 'n nuwe verskaffer papier aan wat baie goed werk vir ons masjiene en daarom vra ons eerder vir 'n bedrag op die boekgeld lyste as vir die fisiese papier!

Elke item moet met u kind se naam gemerk wees reeds op die eerste dag!



# BOEKGELDE **R550**

1. Gelde word gebruik as volg:
   - R35 vir 'n waslap wat geborduur is met hul eie simbool op (ons koop dit self aan)
   - R315 klasfonds vir die jaar (Bak en brou ens.)
   - R200 vir 1 pak A4 afrol papier en 1 pak A3 afrol papier
2. Geen kontant betalings gaan in 2026 aanvaar word nie! Die gelde word in die skool se rekening in betaal met die volgende verwysing: U Familiekode "boeke"
   Of u as ouer kan dit by die finansiële kantoor inbetaal kontant of per kaart!
3. Neem kennis hierdie betalings sal deeglik opgevolg word deur die finansiële kantoor omdat dit verpligtend is vir al die leerders!
4. *Gebruik asseblief e-pos: krediteure@samies.co.za vir enige navrae oor boekgelde en skryfbehoeftelyste.*

# Laerskool Saamspan

*H/v Daniël en Denyssenlaan, Mountain View, Pretoria, 0082*
*Tel. (012) 379-9019*
*E-pos: admin@samies.co.za*
NPO nr. 020–351–NPO

Geagte Graad R ouer/voog 2026

Vind hiermee die 2026 skryfbehoeftes.

BENODIGHEDELYS 2026
GRAAD R

AFTIK LYS

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 X groot Pritt (SLEGS PRITT Asb) | | 1 X 120ml Ponal gom | |
| 1 X pak uitdraaikryte | | 1 X pak DIK koki's (gekleurde) | |
| 1 X groot houer speelklei | | 10 A4 plastieksakkies vir lêer | |
| 1 X pak Steadler inkleurpotlode (Driehoekgreep) | | 1 X pak oliepastelle (Pentel asb) | |
| 1 X Witbord (White Board) met 'n lappie om af te vee | | 1 X stompskêr (as u kind links is linkshandige skêr) | |
| 2 X Whiteboard markers | | 1 pakkie sterretjies of helder kleur kolle | |
| 2 X A4 Deurskynende plastiekkoeverte (vir briewe) | | 1 X pak Dik Jumbo vetkryte | |
| 1 X roomysbak – Gemerk met u kleuter se naam op! | | | |
| 1 X pak gompapier - Butterfly gummed paper 150x150mm 90gsm | | | |
| 1 X Dik Arch lêer - Netjies oorgetrek en met plastiek. Kleuter se naam op geskryf | | | |
| TOILETWARE per KWARTAAL OF SOOS NODIG | | | |
| 2 X houer handewasseep | | 2 X boks snesies | |
| 2 X groot pak wetwipes | | 4 X toiletpapier (enkellaag) | |

Moet asseblief nie afrol papier stuur nie.
Die skool koop by 'n nuwe verskaffer papier aan wat baie goed werk vir ons masjiene en daarom vra ons eerder vir 'n bedrag op die boekgeld lyste as vir die fisiese papier!

Elke item moet met u kind se naam gemerk wees reeds op die eerste dag!



# BOEKGELDE **R550**

1. Gelde word gebruik as volg:
   - R35 vir 'n waslap wat geborduur is met hul eie simbool op (ons koop dit self aan)
   - R315 klasfonds vir die jaar (Bak en brou ens.)
   - R200 vir 1 pak A4 afrol papier en 1 pak A3 afrol papier
2. Geen kontant betalings gaan in 2026 aanvaar word nie! Die gelde word in die skool se rekening in betaal met die volgende verwysing: U Familiekode "boeke"
   Of u as ouer kan dit by die finansiële kantoor inbetaal kontant of per kaart!
3. Neem kennis hierdie betalings sal deeglik opgevolg word deur die finansiële kantoor omdat dit verpligtend is vir al die leerders!
4. *Gebruik asseblief e-pos: krediteure@samies.co.za vir enige navrae oor boekgelde en skryfbehoeftelyste.*